Hoe om naamkaartjies (sitplekaanwysers) te maak

Graad 1 tot 12

Dis baie pret en prakties as gaste by onthaal-geleenthede weet waar om aan tafel te sit. Dit maak ook deel uit van die versiering/dekor om atmosfeer te skep. Hierdie idees kan by verskeie Onthaal-kentekens gebruik word.

Onderwerp: Onthaal-kentekens

Stappe

Voorbeeld 1:

'n Klei-blommetjie aan 'n mooi lint wat onder bord geplaas word en aan die kant van die tafel afhang.

1. **Jy benodig:**

   - wit lugdroogklei (sien verskeie kleiresepte by HoeOms)
   - blomvormige koekiedrukker
   - letterstempels (by plakboekwinkels te kry)
   - lint
   - koekroller
   - sosatiestokkie

2. **So maak jy:**

   - Knyp genoeg van die klei af om een of twee plekaanwysers op 'n slag te maak en knie dit in jou hande. Jy kan jou hande effens klam maak sodat jy makliker met die klei kan werk. Rol die klei tot omtrent 3 mm dik uit.
   - Neem jou koekiedrukker en druk blomvorms uit die klei. Rol die oorskietstukkies klei saam en sit dit in 'n lugdigte houer of sakkie.
   - Gebruik die letterstempels en druk die name van jou gaste liggies in die klei. Maak met 'n sosatiestokkie 'n gaatjie aan die bokant waardeur jy die lint kan ryg.
   - Laat staan vir so 24 uur om droog te word en ryg die lint deur.

Stappe

Voorbeeld 2:

Fotos van gaste in glasbottels.

1. **Jy benodig:**

   - Fotostate van kop en skouer fotos wat jy by gaste bymekaar gemaak het.
   - Enige skoongewasde deursigtige glasbottels, met of sonder deksels, verskillende groottes en vorms.

2. **So maak jy:**

   - Plaas foto's in bottels en sit by elke persoon se sitplek.

Voorbeeld 3:

Wasgoedpennetjies met kartonkaartjies

1. **Jy het nodig:**

   - Gom, skêr, enige van: blinkertjies, linte, plakkertjies, ens.
   - Een gewone houtwasgoedpennetjies vir elke gas.
   - Karton om in stroke van so 2 cm by 4 cm te sny.

2. **So maak jy:**

   - Skryf gaste se name (en vanne vir meer formele geleenthede) op kaartjies.
   - Versier na eie keuse/tema.
   - Plak kaartjie op wasgoedpennetjie vas.
   - Knip vasgoedpennetjie aan glas vas wat by gas se bord staan.

Voorbeeld 4:

"Dolly pegs" ronde wasgoedpenmannetjies:

1. **Jy het nodig:**

   - Genoeg wasgoedpenne (hout met ronde "koppie") vir elke gas
   - Vierkantige gekleurde papier 4 cm x 4 cm – kleur wat by tafel/tema pas.
   - 2 x kartonnetjies een van 4 cm x 6 cm en kleiner ene van 2 cm x 4 cm (verskillende kleure).
   - Langwerpige stukkie materiaal so 4 cm x 6 cm materiaal (kleur van tafel/geleentheid se kleurskema).
   - Lint van bypassende kleur, 20 cm vir elke mannetjie/wasgoedpen.
   - Gom, skêr (patroonskêr opsioneel), swart pen.

2. **So maak jy:**

   - Teken gesiggie op ronde koppie van wasgoedpennetjie.
   - Draai kegel met die vierkantige papiertjie – sit dit op koppie vas met gom, dis die hoedjie.
   - Plak materiaal onder koppie vas, laat stukkie opstaan vir kraag, bind lint om "nek" om 'n manteltjie te maak.
   - Plak die twee kartonnetjies opmekaar en skryf gas se naam daarop.
   - Haak wasgoedpenmannetjie aan glase by elke sitplek en sit pleknaamkaartjie op servet by bord.

Wenke

1. Wasgoedpennetjies kan ook met waterverf of oorskiet PVA verf geverf word.
2. Daar kan ook gesiggies op kaartjies geteken word met ogies van krale of knopies, driehoekie vir "hoed" ens.
3. Knip karton van naamkaartjies met ’n patroonskêr uit.
4. Besoek die webtuiste (*Digitaa*l) vir baie idees.

Waarskuwings

1. As jy gomgeweer gebruik, pasop vir brand.
2. Pasop vir gom en verf op klere of meubels – werk op ou koerante.
3. Skêre moet versigtig hanteer word.

Digitaal

https://www.pinterest.com/martielottering09/plek-aanwysings/